Die sekretaresse praat - Paarl Post Oktober 2008

KLEIN Cheryl Petersen klop skaam met die handjie teen haar wang en trek haar hempie oor haar mond as jy vir haar 'n vraag vra, maar tel haar op 'n perd se rug en sy gesels land en sand. "Ek wil eendag vir M'Lani komwerk,"kondig sy dan luid aan. "Ek wil haar phone optel."

Cheryl (12) is gebore met Spina Bifida en sonder krag in haar laer ledemate komsy net in 'n rolstoel en met die ondersteuning van haa moeder, oor die weg. Dis eers vanjaar,met volgehoue ondersteuning by Ligstraal Skool en nou die oefening op perde by Amado, dat Cheryl op haar eie begin regop sit het, en haar eerste treetjies uit die rolstoel kon gee.

Skaam en teruggetrokke toe sy die eerste keer by Amado gekom het, lig Cheryl vandag haar koppie hoog en vertel trots: "Die perd het my leer loop.Ek kan self uit my rolstoel klim en self weer inklim. Ek loop al vyf tree opmy eie in die rondte (met 'n loopring), want hierdie spiere (en sy druk op
haar heupies) en hierdie (en sy druk op haar dun beentjies in opgeboude skoene) het sterk geword."

Maar dis nog nie al nie. "Ekwil ook leer verpleeg sodat ek kinders kan help wat iiets oorkom. En dan moet almal na M'Lani toe kom sodat hulle ook so gelukkig kan wees soos ek."